Hoërskool Hans Moore

Adres / Address: Dalrymple straat, Northmead, 1501

Posbus/ P.O. Box : 12400, Benoryn, 1504

Telefoon nr. / Phone no.: 011 425 1007/8

E-pos / E-mail: hoof@hansmoore.co.za

Februarie 2024

AAN WIE DIT MAG AANGAAN

Geagte Werkgewer

As deel van Hoërskool Hans Moore se loopbaanvoorligtingsprogram het ons 'n jaarlikse Werkskaduprojek wat ons Graad 10-11 leerders bloot stel aan eerstehandse ervaring in die wêreld van werk. Die Werkskaduprojek is daarop gemik om die leerders te begelei en te ondersteun om ingeligte loopbaanbesluite te maak aangaande hulle toekoms. Hierdie projek word aangepak voor of tydens die skoolvakansie en leerders moet een volle werksdag bywoon hiervoor.

Ons wil u vriendelik versoek om die leerder(s) wat by u aanklop, as dit enigsins moontlik is, by te staan. Ons sal dit waardeer indien u:

- die geleentheid sal skep vir die leerder(s) om teenwoordig te wees waar relevante take verrig word
- die leerder(s) se vrae beantwoord indien daar 'n behoefte bestaan
- 'n kort verslag sal voltooi t.o.v. die leerder se optrede en gedrag.

Die leerder moet dit aan die skool terug besorg teen **Vrydag, 5 April 2024**.

Daar word van die leerders verwag om reëls en instruksies van hulle werkgewers te eerbiedig. Hulle sal op geen vergoeding geregtig wees nie en u sal nie verantwoordelik gehou word vir enige ongevalle nie.

Baie dankie vir die geleentheid en die ondersteuning wat u aan ons leerders bied.

Vriendelike groete,

Mnr. M. Mearns
HOOF

Mev. J. Amorim
LO - HOD